

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Ek het die somme gemaak. En my gevolgtrekking is elkeen van die 44 Afrikaanssprekendes waaroor Charlize Theron die wêreld ingelig het, lees hierdie rubriek.

Hoe weet ek dit?

Wel, dis hoeveel briewe ek van lesers gekry het ná my rubrieke oor vruggebruik die afgelope paar weke. Almal in Afrikaans.

Of soos me. Theron in haar Benoni-dialek sê, “Ófrikòns”.

Ek het 'n verdere afleiding gemaak.

In 2011 het sy in die program *Tonight* op CNN aan Piers Morgan verduidelik “dit is baie moeilik om Afrikaans te praat as niemand terugpraat nie”. Dit is net mooi 11 jaar gelede.

My somme? As sy vier keer per jaar met haarself gesels het en niemand het teruggepraat nie, bring dit ons by haar “44 Afrikaanssprekendes”. Daar in Hollywood. Dalk is my 44 lesersbriewe ook Hollywood-wiskunde.

Maar dit was 'n hele aantal.

Lewensverwachting 'n kernkwessie

Ek kyk vandag dus weer na vruggebruik, veral die belasting. Lesers kan gerus weer my onlangse rubrieke oor vruggebruik (“Skenk eerder aan trust en hou belasting laag”, 20.11; en “Loop lig vir vruggebruik”, 13.11) lees vir agtergrond.

Maar eers wil ek 'n blaps in verlede week se rubriek regmaak.

Ek noem daarin dat die waarde van 'n vruggebruik wat verkoop word aan 'n trust bereken word oor 'n termyn van 50 jaar. Dit moet bereken word oor die oorblywende lewensverwachting van die persoon wat die vruggebruik hou.

Dit werk dieselfde as met die skenk van 'n vruggebruik, soos ek verduidelik het.

Die 50-jaar-termyn is ter sake waar iemand 'n lewenslange vruggebruik het, wat by daardie persoon se dood oorgaan op 'n trust as die blote eienaar van die eiendom waaroor die vruggebruik geskep is.

Dit is nou as daar nie van die sogenaamde een-jaar-wonder gebruik gemaak is nie.



Dit blyk dat elk van Charlize Theron se 44 Afrikaanssprekendes dié rubriek lees, want dit is ruweg die getal briewe wat oor vruggebruik ontvang is.

Vruggebruik: doen die somme

Allerlei belasting kom ook ter sprake

Dit is wanneer die vruggebruik by dood van die vruggebruiker eers oorgegemaak word aan 'n ander persoon vir, sê maar, twee jaar (om die 50-jaar-vereiste te omseil) in welke geval die waarde van die vruggebruik dan oor die twee-jaar-termyn bereken word.

Die waarde van 'n vruggebruik word bereken deur die waarde van die bate waaroor die vruggebruik geskep is te kapitaliseer teen 12% per jaar (Jan Taks kan 'n mindere koers toelaat) oor die lewensverwachting van die een wat die vruggebruikreg kry.

By dood word hierdie waarde opgeneem in die boedel van die oorlede vruggebruiker en is vatbaar vir boedelbelasting. Dit kan erg tegnies raak, so ek los dit daar.

Maak versigtig somme

Die aanvanklike vraag was wat om te doen met 'n vruggebruik as die vruggebruiker in lewe daarvan wil afstand doen.

bruiker in lewe daarvan wil afstand doen.

Ek het voorgestel dit kan gedoen word deur 'n skenking aan, in ons voorbeeld, die trust wat die blote eiendom besit, of aan die trust te verkoop.

Om die prentjie meer volledig te skets, noem ek vandag graag al die belasting ter sprake om lesers se vrae te probeer beantwoord.

Om die vruggebruik te skenk of te verkoop vanuit 'n suiwer belastingoogpunt, moet die somme gemaak word om te bepaal of dit goedkoper gaan wees om die lewenslange vruggebruik by dood te laat oorgaan na die eienaar van die blote eiendom en die gevolglike impak daarvan op boedelbelasting, of om dit te skenk of te verkoop en liever die ander belasting hieronder te betaal.

Omstandighede verskil, so gesels asseblief met 'n kundige wat vir jou die berekenings kan doen voordat jy besluit.

Impak van allerlei belasting

Hier is die belasting as jy skenk of verkoop.

Geskenkbelasting: Ingevolge art. 55 van die Inkomstebelastingwet (Wet 55 van 1962) word die vrygewige of kostelose afstand doen van 'n reg (vruggebruik in hierdie geval) beskou as 'n skenking en gevolglik is geskenkbelasting betaalbaar. Anders as met 'n vruggebruik geskep of wat oorgaan by dood word die waarde van die vruggebruik wat geskenk word bereken oor die lewensverwachting van die skenker.

Hierop is dan geskenkbelasting betaalbaar deur die skenker teen 20% as dit minder as R30 miljoen is en 25% sou dit meer wees.

Kapitaalwinstbelasting (KWB): Art. 11(1)(a) van die agtste bylae van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) maak die afstand doen of vervreemding van 'n bate (die vruggebruik) onderworpe aan KWB. Art. 20(1)(c) sê die geskenkbelasting kan vir KWB-doeleindes afgetrek word.

Hereregte: In die Wet op Hereregte (Wet 40 van 1949) bepaal art. 9(1)(e) dat vaste eiendom wat by dood oorgaan, vrygestel is van hereregte.

Dit geld nie in die geval van 'n skenking of die verkoop van 'n vruggebruik nie.

Art. 2(1) bepaal dat hereregte betaalbaar is op die waarde waarmee die eiendom verhoog word deur die afstand doen van 'n reg of beperking daarop (die vruggebruik).

Belasting op Toegevoegde Waarde

(BTW): Die Wet op Hereregte (art. 11(b)) bepaal dat hereregte vrygestel is in seker gevalle waar BTW teen 'n 0-koers gehef word. Maar die BTW-wet (Wet 89 van 1991) vereis (art. 11(1)(e)) dat om hieraan te voldoen moet sowel die verkoper as die koper as BTW-handelaars geregistreer wees.

Verder moet dit 'n lopende saak wees wat tesame met al sy bates oorgaan.

In die geval waar die vruggebruiker sy of haar vruggebruik verhuur het, kan ek nie sien hoe aan hierdie vereiste voldoen gaan word nie.

Belangrike punt is, maak seker jy verstaan wat jy doen met jou vruggebruik.

Die een is nie altyd beter as die ander nie.

Doen eers die somme.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com.**